

Sondag 30 Julie

Skrifgedeelte: Titus 3:1-11

Fokusgedeelte: Titus 3:5; HK Sondag 27, Vraag 73

Die doop is nie sonder betekenis nie

Bogenoemde uitsprake van die Kategismus op grond van die Skrif is baie sterk, want daardeur word die doop onlosmaaklik aan die weergeboorte en die afwassing van sondes verbind. Hierdie uitsprake moet onverswak gehandhaaf word, maar dan in die lig van die Skrif as geheel, wat ons leer dat die uit-sprake net op ware gelowiges van toepassing is (vgl. Esau, Heb. 12:16; Demas, 1 Tim. 4:10).

As die uitsprake nie in die lig van die Skrif as geheel beoordeel word nie, kan dit 'n mens tot die verkeerde gevolgtrekking van die Rooms-Katolieke Kerk en die Lutherse Kerk bring dat die uiterlike handeling van die doop die weergeboorte en die vergewing van sondes bewerk. Die Here wou egter nie met genoemde uitsprake sê dat Hy deur die doop die weergeboorte en die afwassing van sondes bewerk nie, maar dat Hy daardeur die weergeboorte en die afwassing van die sondes aan ons wil verduidelik en ons wil verseker dat ons daaraan deel het (vgl. Antw. 73).

Allereers moet gesê word dat die Here ons deur die doop iets wil leer, naamlik dat soos water die vuilheid van die liggaam wegneem, net so word ons sondes deur die bloed en Gees van Christus weggeneem. Hier funksioneer die doop as teken. So wil die Heilige Gees die doop en sy betekenis aan ons verduidelik. Die doop is egter nie net 'n teken nie, maar ook 'n seël. Daardeur wil die Here as ons troue Verbondsgod aan ons die sekerheid gee dat ons net so seker geestelik van al ons sondes gewas is as wat ons uitwendig met water gewas word.

Daarom kan die gedoopte gelowige met sekerheid weet dat die Here werklik bedoel wat Hy sê as Hy verklaar dat die doop vir die kind van God die bad van die weergeboorte en die afwassing van die sondes is.

Ons vergeet hierdie betekenis van die doop so maklik. Daar is gedoopte gelowiges wat twyfel en wonder of hulle met God versoen is. Op dié wyse gee hulle te kenne dat hulle eintlik van die Here verwag om aan hulle 'n spesifieke teken of aparte verklaring te gee dat hulle waarlik sy kinders is. So 'n verwag-ting is eintlik 'n wantroue in en belediging van God. Daarmee gee hulle in werklikheid te kenne dat God se versekering deur die doop vir hulle nie genoeg is nie. Christus sou waarskynlik ook van so 'n verwagting gesê het: 'n Slegte en afvalige geslag soek na 'n teken, en geen ander teken as die doop sal aan hulle gegee word nie (vgl. Matt. 12:39).

My geloof kom nie daarin tot openbaring dat ek passief sit en wag op 'n teken van die Here nie, maar daarin dat ek met vaste vertroue aanvaar dat ek deel het aan die verbondsbeloftes waarvan God my by my doop verseker het.